# 31 Oktober 2023 - Lesing 163 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die weg na die kruis moet geneem word – 1/10/60

**NO: 7717** Julle sal almal weer terugkeer na die hemelse vaderland. Julle sal almal weer deur My vaderarms omhels word en julle almal sal onmeetlik geluksalig wees.

Dit sal beslis so wees vir julle wat in die vlees op hierdie aarde of ook in die ryk hierna nog onvolmaak is. Want eens sal die tyd aanbreek waarin julle harte sal gloei van liefde en op die vaderhart toesnel. En dan het Ek My doel bereik wat Ek vir My gestel het by die skepping van die geeste.

En as net My liefde die deurslag sou gee, dan sou die hemelse, paradysagtige streke julle al lankal opgeneem het. Want Ek verlang vurig na my kinders en Ek wil hulle graag onmeetlik gelukkig maak. **Maar My Liefde kan nie ingaan teen My wet van ewigheid nie**.

En dit vereis die **vrywillige terugkeer** van die wesens wat eens van My uitgegaan het en hulleself ook in vrye wil van My verwyder het.

En so is die weg omhoog vir julle mense - wat die eens gevalle oergeeste was - van heel verskillende lange duur. Hy kan dit in ‘n kort tydjie aflê, maar dit kan ook ewighede vereis. Hy kan verskeie ontwikkelingsperiodes nodig hê en dit kan vir hom ook eindelose lang tye in kwelling en gebondenheid beteken.

Maar eens sal julle julle doel bereik. As mens is julle nie op hoogte van die **toestand van gebondenheid vol kwelling nie.** Maar Ek weet daarvan. En Ek het julle lief en wil julle graag die kwelling bespaar, sodat julle nie weer afgly in dieselfde toestand wat julle as mens al lankal oorwin het nie. Daarom bied Ek Myself aan as julle Leier op julle pad deur die aardse bestaan. Daarom voeg Ek My by julle op die pelgrimsweg om julle die **kortste weg te toon wat omhoog lei**. En hierdie weg voer na die kruis.

Die weg omhoog voer na JaHshua Messias. En wie hierdie weg gaan, kom **baie beslis** terug by My in die Vaderhuis, omdat JaHshua Messias en Ek een is, omdat julle My erken as julle Hom en Sy verlossingswerk erken en julleself dus ook deur Hom sal laat verlos, **Wie vir julle die skuld van die afval van weleer van My tot niet gemaak het**.

Hierdie weg, die weg na die kruis, moet onherroeplik op aarde of ook in die hiernamaals betree word, omdat My Liefde dan ook weer werksaam kan word, wat ter wille van die Geregtigheid moes wyk toe julle gevallenes was. Maar die geregtigheid is voldaan deur die mens JaHshua, **in wie Ek My Self beliggaam het**.

My Liefde het dus die vereffening gebring. Die Geregtigheid is nie uitgeskakel nie, want Ek het as mens die oormaat aan lyding en pyn op My geneem as soenoffer vir die groot skuld van julle afval eens van My.

**Maar julle wil moet die soenoffer aanvaar**. Julle wil moet die vergewing van **die skuld bewustelik afsmeek**. Julle sal dus self onder die kruis moet beken dat julle skuldig is.

Julle sal in vrye wil die Goddelike Verlosser JaHshua Messias moet aanroep om vergewing van die sondeskuld, om Sy erbarming en Sy genade.

**Julle sal die weg na die kruis moet kies.**

En dan kan My Liefde julle weer vasgryp, want dan erken julle My, Wie julle eens julle erkenning ontsê het. **Want Hy en Ek is een**. Ek Self het julle in die mens JaHshua aan die kruis verlos van sonde en dood.

En as julle eenmaal die weg na die kruis geneem het, dan is julle weg oor die aarde ook voltooi. **Dan is die graad van ontwikkeling bereik,** wat julle die binnegaan in die geestelike ryk sal verseker. Dan hoef julle 'n herhaalde gang deur die skepping op aarde nie meer te vrees nie, **dan sal julle in die geesteryk steeds hoër kan klim**. My Liefde sal julle aantrek en julle liefde vir My sal steeds sterker word.

Vader en kind sal hulleself aaneensluit en die geluksalighede wat Ek vir My kinders berei het, sal onbegrens wees, **omdat My Liefde ook onbegrens is en Haarself vir ewig wil weggee**. Amein.